SARS, NPA SAL BELASTINGPLIGTIGES VIR UITSTAANDE OPGAWES VERVOLG

PRETORIA, 16 April 2018 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n nuwe inisiatief onderneem in samewerking met die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) om nie-nakomende belastingpligtiges, insluitend vername Suid-Afrikaners wat versuim om opgawes in te dien, te vervolg.

Belastingpligtiges wat skuldig bevind word, sal met 'n kriminele rekord opeindig.

Die inisiatief het reeds sy eerste skuldigbevinding opgelewer in Port Shepstone laasweek. Mnr. S Ragunat, as verteenwoordiger van SPS Distributors, het 'n skulderkenningsfooi van R5 600 in die Port Shepstone Streekshof betaal vir versuim om meer as 50 uitstaande opgawes vir Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), Lopende Betaalstelsel (LBS) en Maatskappye Inkomstebelasting (MIB) in te dien. Hy was opdrag gegee en het al die uitstaande opgawes ingedien.

Versuim om 'n belasting- of BTW-opgawe in te dien is 'n kriminele oortreding ingevolge die Wet op Belastingadministrasie en Belasting op Toegevoegde Waarde wetgewing.

Gedurende die week van 16 tot 20 April sal agt sake met betrekking tot honderde uitstaande opgawes in verskillende howe landswyd aangehoor word, insluitend vier sake in die Johannesburgse Magistraatshof op 19 en 20 April.

Daar sal ook sake in Ficksburg en Bothaville in die Vrystaat aangehoor word, asook in Newcastle se Magistraatshof in KwaZulu-Natal gedurende die res van die week.

Hierdie veldtog verteenwoordig 'n intensifisering van SARS se uitstaande opgawesprojek wat einde laasjaar geloods is, toe SARS beoog het om bewustheid by belastingpligtiges oor uitstaande belastingopgawes te kweek.

SARS het die laaste paar jaar 'n onaanvaarbare toename in die indiening van opgawes beleef oor alle belastingsoorte heen, insluitend LBS, BTW, maatskappye- en persoonlike inkomstebelasing.

Teen einde Maart 2018, het SARS se uitstaande opgawesboek aangedui dat aktiewe belastingpligtiges SARS nagenoeg 30 miljoen opgawes skuld, wat in menige gevalle veelvuldige uitstaande opgawes deur 'n enkele belastingpligtige insluit.

Die besluit om nakoming af te dwing deur oor te gaan na kriminele vervolging is 'n laaste toevlug. Al die belastingpligtiges wat in die hof sal verskyn, was vooraf betrek en finale aanmanings was aan hulle uitgereik, voordat daar met kriminele vervolging voortgegaan is. Op hierdie stadium is 36 dossiere aan die NVG oorhanding.

Die noemenswaardige afname in indiening van opgawes was een van die sleutelaanduiers van 'n afname in nakoming en was deur Finansies Minister Nhlanhla Nene uitgelig gedurende die aankondiging van die belastinginkomste-invorderingsyfers vir die 2017/2018 finansiële jaar.